**Art South Africa.**
Vol. 3 (4). Winter. 2005. Cape Town: Bell-Roberts Publishing. ISSN 1684-6133.

*Art South Africa* verskyn sedert 2002 en het 'n welkome leemte gevul in die Suid-Afrikaanse kunsbedryf. Die tydskrif onder redaksie van Sean O'Toole bied in die genre van internasionale tydskrifte soos *Art Forum* en *Art International* 'n goeie lokale teenvoeter. Nie sedert die verskyning van *ADA* (Art Design Architecture) in die vroeë negentiger jare het 'n Suid-Afrikaanse kunstydskrif soveel aanhang geniet nie.

Die tydskrif lewer uitgebreide resensies van lokale uitstallings, asook artikels oor geselekteerde Suid-Afrikaanse kunstenaars en onderwerpe van belang. In die huidige nommer word daar byvoorbeeld aandag geskenk aan die netelige kwessie van 'n verwaarloosde tradisie in die Suid-Afrikaanse kunsskepping, teorie en geskiedenis.

Die onderwerp word deur drie kenners, naamlik die kunskritikus en akademikus Wilhelm van Rensburg, Mario Pissarra en Jillian Carmen beide dosente aan tersiêre instansies, vanuit verskillende perspektiewe aangeraak. Die stuk getiteld "Three thoughts on neglect" bied moontlik goeie voorgeskrewe leeswerk vir voorgraadse studente.

In sy besinning dui Van Rensburg aan dat kunsteorie in 'n krisis is omdat geen duidelike rigtingswysers in die Suid-Afrikaanse konteks tans bestaan nie, terwyl Pissarra oortuigend argumenteer vir 'n herbesinning van ons posisie as postkoloniale Afrikane in die een en twintigste eeu. Carmen wys weer op die suinigheid en inhaligheid waarmee Suid-Afrika se pre-demokratiese kunsversamelings deur die koloniale moonthede behandel is.

Ook in hierdie nommer word die kuns van die Mapumalanga kunstenaar Leigh Voigt se naturalistiese uitbeelding van Ngu-



1/27/2006, 2:06 PM

ni beeste – 'n redelike ongewone onderwerp en styl gegewe die konteks van nuwe tegnologieë en installasies – indrukwekkend aan die word gestel deur die redakteur Sean O'Toole. Daar is ook onder andere 'n indringende kyk na die geloofwaardige bydrae gelewer deur Dumile Feni se werk tot 'n politieke stryd oeuvre in die Suid-Afrikaanse konteks. In hierdie sin gee *Art South Africa* inhoud aan die poging om 'n verwaarloosde tradisie in ere te herstel.

In die 2005 Winter-uitgawe waag *Art South Africa* dit om bietjie buite die kampie van tradisionele kuns te wei deur ook 'n stuk van Jeanne van Eeden in te sluit wat handel oor die skilderagtige tradisie en die vermaaklikheidslandskap van Lost City. Van Eeden toon behendig aan hoedat die beginsels wat gegeld het vir die skilderagtige in die laatagtiende eeuse Engeland se landskapskildering steeds van waarde is wanneer die neo-koloniale styl van Lost City geïnterpreteer word.

Die enigste aspek wat my bietjie huiwerig maak ten opsigte van die tydskrif, *Art South Africa*, is die prys daarvan. Die tydskrif wat sedert 2002 kwartaaliks verskyn kos R70.00 per uitgawe, en alhoewel dit waarskynlik 'n redelik prys is gegewe die hoë kwaliteit (beide in terme van inhoud en voorkoms) van die tydskrif, is die bedrag nie beskore vir arme dosente nie en skynbaar ook buite bereik van studente. Elke uitgawe tot dusver was egter 'n versamelstuk.

*Amanda du Preez*
Universiteit van Pretoria, Pretoria



14 Resensies 03.pmd 194